

## ZS6SSC BULLETIN 13 Mei 2018

08h45 - Goeie more, U luister na die amptelike Bulletin van ZS6SSC, Southern Suburbs Amateur Radio Club, vandag 13 Mei 2018 aangebied deur ZR6AUI - Christo Greyling en saamgestel deur ZS6WC - Willie Wright .

Hierdie bulletin word huidiglik uitgesaai een maal per maand, op die 2de Sondag van die maand op die volgende frekwensies:

439.125 MHz Fm en herlei op 145.7875 MHz met vriendelike vergunning van ZS6HVB – Hoëveld Klub

### **In die bulletin vandag:**

1. Klub nuus
2. Digitale Modes
3. 70cm Herhaler
4. HF en DX aktiwiteite
5. Spesiale Geleentheids Stasies
6. Woensdag aan Net
7. Herverpakking van battery pakke
8. 2m en 70cm inroep

#### **1. Klub Nuus**

Onlangse deelname deur Christo Greyling ZR6AUI aan die SARL BHF/SHF/UHF Digitale Kompetisie het aan hom 1ste plek toege-eien in beide Oorhoofs en as Veldstasie kategoriee.

Die Sekretaris - ZS6WC Willie Wright – het bevestiging ontvang vanaf ICASA dat die Klub en herhaler lisensies betaal en op datum is. Verder is ook 'n aansoek gestuur na die SARL om ZS6SSC 'n lid te maak van die SARL.

Mag ek asb van die geleentheid gebruik maak om te vra dat as U ons kan help met donasies vir die lisensie fooie wat betaal is aangesien dit huidiglik uit persoonlike fondse gedoen word. Kontak ons asb deur die webtuiste

#### **2. Digitale Modus**

Meer en meer Amateurs raak betrokke by Digitale modes kommunikasie. 'n Mite of indruk wat bestaan is dat slegs ESB (Enkel Syband) gebruik kan word. Dit is totaal onwaar. Digitale kommunikasie kan op enige mode gedoen word. Kontakte op FM tussen ZR6AUI en V51PJ (in die Suide van Namibië) is al gedoen op 4m, bloot omdat daar nie 'n ESB stel beskikbaar was nie en resultate is dieselfde as op ESB. Alhoewel daar nie op ander bande getoets was nie – is dit 100% moontlik. Ons wil graag meer stasies help om op die Digitale kant van kommunikasie te opereer. Ek kan gekontak word deur die web-tuiste of per selfoon. Tydens September 2018 is daar weer 'n Digitale kompetisie en sal ons graag meer deelname wil hê. Daar is reeds heelwat Amateurs landwyd wat digital gebruik wanneer gewone kommunikasie glad nie moontlik is nie. Ons verwys hier nie na Echo-link, D-Star, DMR ens nie. Digitale modes kommunikasie kan op enige band gedoen word met 'n enkele stelsel opgestel.

#### **3. 70cm Herhaler**

Ons het met 'n vorige bulletin vermeld dat die tydskakelaar op die herhaler aandag geniet, dit sal gedoen word sodra die geleentheid hom voordoen.

Onlangse toetse om die herhaler se dekking te toets, het bewys dat die herhaler hom goed van sy taak kwyt. Die omgewing Noord van die Silwer Bal word wel nie so goed gedek nie. Willie ZS6WC het toetse gedoen oor die afgelope maand en gevind dat die herhaler suksesvol gewerk kan word vanaf die Oos Rand bv: Benoni, Brakpan,

Kempton Park en vanaf die Wes Rand bv: Krugersdorp en Florida en na die Suide tot sover as die Oos Vrystaat – Heilbron. Sein rapporte het gewissel afhangende van waar operateurs was.

In ons vorige bulletin is gesê dat ons ook ons deel moet doen en ons stasies regkry en/of opgrader. Die ideale herhaler sal 'n 360° uitstralings en ontvangs area dek, maar ons bly nie in die ideale wereld nie. 'n Statiese 3 element vertikale yagi antenna wat so hoog moontlik gemonteer is en direk na die herhaler gerig is, sal sake baie verbeter. Om 'n basiese 3 element yagi antenna te bou is glad nie ruimte tegnologie nie, minimum materiaal word benodig en is eenvoudig om te bou. Kontak ons vir enige bystand benodig.

Die herhaler is tans op 'n baie goeie kommersiele ligging geplaas en ons moet soveel moontlik voordeel trek van die ligging, selfs al beteken dit ons moet ons eie toerusting verbeter – is dit nie waaroor Amateur Radio gaan nie of het ons verander deur evolusie na slegs 'Swart Kas operateurs' en alles moet vir ons gedoen word.

Skakel jou 70cm radio aan en roep. Hoe sal jy weet of iemand anders die frekwensie monitor en luister as niemand roep nie? As niks gesê word nie – word niks gehoor nie. Ons wil graag aktiwiteit groei op die herhaler en 70cm band. Die lisensie gelde is betaal – gebruik die herhaler asb.

#### 4. HF en DX aktiwiteite

Tydens die naweek van 5 Mei 2018 het 20m en 15m baie goed oopgemaak na Europa, Asië en VSA. Willie ZS6WC het redelike goeie rapport ontvang. Daar is selfs kontakte gemaak op 160m.

Brasilië, Argentinie, Uruguay, Chili en Asië is gewerk op GG. Die vroeëoggend ure het sy voordele en belongings op die Lae HF bande – probeer hulle. Leon ZR6RF was ook gehoor oor die naweek besig met DX met Europa.

Laat weet ons asb van julle aktiwiteit op HF ens, sodat ons dit ook kan versprei op die bulletins.

#### 5. Spesiale Geleentheid Stasies

'n Spesiale Geleentheid Stasie word georganiseer vanaf die VK (Vereenigde Koninkryk UK) om die nuutste Koninklike Troue te vier. Indien u 'n Spesiale Geleentheids Stasie QSL kaart versamelaar is, kyk na die DX webtuistes vir meer inligting mbt frekwensies en tye.

#### 6. Woensdag aand Net

U word weereens uitgenooi om deel te neem aan ons weeklikse Woensdag aand Net om 20H00 op 70cm 439.125MHz. Algemene sowel as tegniese onderwerpe word bespreek. Die hoof doel is om aktiwiteit op 70cm te bevorder. Herleidings kan gedoen word na 2m indien die belangstelling hom daartoe verleen.

#### 7. Herverpakking van battery pakke

Heelwat Amateurs sit met handstelle en ook ander toerusting waarvan die battery pakke onklaar of foutief geraak het en word daarom nie meer regtig gebruik nie. Hou asb in gedagte na wat tans aan die gebeur is en dat draagbare kommunikasie stelle dalk 'n noodsaaklikheid mag word. Kontak my asb mbt herverpakking van jou uitgediende battery pak. Ek het laasweek 2x pakke laat oorpak en letterlik verbaas gestaan agv die ekonomiese prys wat ek betaal het. Kontak my asb deur die webtuiste of my sel nommer beskikbaar op die webtuiste indien U sou belangstel. Geen advertensie word hier gedoen nie.

U het geluister na die amptelike bulletin van die Southern Suburbs Amateur Radio Club ZS6SSC wat huidiglik uitgesaai word op die 2de Sondag van elke maand. Hierdie bulletin kan ook afgelai word vanaf ons webtuiste [www.zs6ssc.co.za](http://www.zs6ssc.co.za)

Indien u enige inligting verlang mbt die Southern Suburbs Amateur Radio Club of indien U enige bydraes het om te lewer vir ons volgende bulletin, stuur asb na:

Die Sekretaris: [zs6wc@vodamail.co.za](mailto:zs6wc@vodamail.co.za)

Besoek ook asb ons webtuiste vir lidmaatskap aansoek vorms en Klub informasie: [www.zs6ssc.co.za](http://www.zs6ssc.co.za)

Dit bring ons aan die einde van die bulletin en vertrou dat U goeie ontvangs geniet het.

8. In roep op 2m en 70cm

Baie dankie dat U ingeskakel het

Ons stel die frekwensie nou vry vir algemene gebruik

Totsiens en wees Veilig